


Lydende Nuwe-Testamentiese gelowiges bedien deur die Ou-Testamentiese profete: Eksegese van 1 Petrus 1:10–12



Author:
Douw G. Breed¹ 


Affiliation:
¹Department of Bibliological Perspectives, Faculty of Theology, North-West University, Potchefstroom, South Africa

Corresponding author:
Douw Breed,
douwbreed@gmail.com

Dates:
Received: 20 Oct. 2021
Accepted: 02 Feb. 2022
Published: 29 Apr. 2022

How to cite this article:
Breed, D.G., 2022, 'Lydende Nuwe-Testamentiese gelowiges bedien deur die Ou-Testamentiese profete: Eksegese van 1 Petrus 1:10–12', *In die Skriflig* 56(1), a2809. <https://doi.org/10.4102/ids.v56i1.2809>

Copyright:
© 2022. The Authors.
Licensee: AOSIS. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

Read online:
 Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

Suffering New Testament believers ministered by Old Testament prophets: Exegesis of 1 Peter 1:10–12. Even though 1 Peter 1:10–12 has received considerable attention in the research done on 1 Peter, the fact that Peter in these verses emphasises that the Old Testament prophets ministered to the New Testament believers, has not yet been properly investigated. This article focuses on the ministry by the prophets, mentioned in 1 Peter 1:10–12, and indicates how this ministry became a reality in the lives of the addressees. The exegesis done in this article follows the historical-grammatical model as practiced in the Reformed tradition. Although the exegesis is focused on 1 Peter 1:10–12, these verses are examined exegetically within the context of the whole letter. The article finds that, in 1 Peter 1:10–12, the apostle Peter urges his readers to continue praising God in the midst of the suffering they are going through. They are ministered to by the Old Testament prophets in their circumstances of suffering. This ministry of the prophets became a reality in the readers' lives when evangelists provided, as good news, significant information regarding the witness of the Lord's Spirit, through the prophets, about Christ's sufferings and glories.

Contribution: The article highlights the unique encouragement of Peter in 1 Peter 1:10–12 to his readers to continue to praise God in the midst of the suffering they are experiencing as believers. The readers can still praise God, because they are, as New Testament believers, trustfully ministered to by the Old Testament prophets with the witness of the Spirit about Christ's sufferings and glories.

Keywords: 1 Peter 1:10–12; prophets; serve; suffering; prophets; good news.

Inleiding

Eksegete gee in hulle navorsing oor 1 Petrus heelwat aandag aan 1 Petrus 1:10–12.¹ Die klem in hierdie navorsing val meestal op die outeur van 1 Petrus se verstaan van die Ou Testament. Schutter (1989:109) beskryf 1:10–12 as 'n hermeneutiese sleutel. Hy bevind dat die verse die outeur se 'hermeneutical stance' aandui en dat die verse 'n gerieflike toegang tot die outeur se gebruik van die Ou Testament bied. Phillips, Janse van Rensburg en Van Rooy (2012:5) aanvaar ook dat hierdie verse aandui hoe die Nuwe Testament die Ou Testament gebruik. In sy eksegese van 1:10–12 konsentreer Kaiser (2009:75) op die vraag of die profete volgens hierdie verse wel hulle eie profesieë verstaan het. Volgens Moyise (2008:78) kom die skrywer in 1:10–12 baie naby daaraan 'to articulating a theory of prophecy'; dit wil sê, 'n teorie oor hoe die Ou Testament vervul is.

Hoewel daar in hierdie artikel rekening gehou word met Petrus² se verstaan van die Ou Testament soos dit uit 1:10–12 na vore kom, is die fokus op 'n ander saak wat die skrywer in hierdie verse beklemtoon en wat weinig aandag van eksegete ontvang. Petrus dui in 1:12 uitdruklik aan dat die profete sy lesers bedien het (διακονέω). Die skrywer benadruk hierdie bediening van die profete deur aan te dui watter mense deur die profete bedien sou word en ook te noem dat dit aan hulle geopenbaar is (vgl. ἀποκαλύπτω in 1:12) dat hulle hierdie mense sou bedien. In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die wyse waarop die profete Petrus se lesers bedien het en wat hierdie bediening volgens 1:10–12 vir die lesers in hulle omstandighede beteken het.

In die ondersoek na die bediening deur die profete word die tekstuele konteks van 1:10–12 in die brief eerstens nagegaan. Omdat die lyding van die geadresseerdes aan wie Petrus oor die profete

1.Voortaan sal alle verwysings na 1 Petrus slegs met hoofstuk- en versnommers aangedui word.

2.Verskeie skrywers soos Van Houwelingen (1991:11–19), Forbes (2014:1–2) en Green (2020:7–418) toon oortuigend aan dat daar nie geldige argumente is wat die aanspraak in 1:1 dat die apostel Petrus die outeur van brief is, weerlê nie.

skryf 'n sentrale plek in die brief in, word daar in die tweede plek daaraan aandag gegee. Petrus gee in 1:10–11 spesifieke inligting aangaande die profete wat die lesers volgens 1:12 bedien. Hierdie inligting mag van belang wees om duidelikheid te kry oor die profete se bediening. Die volgende sake wat Petrus oor die profete bekend maak, word daarom nader ondersoek: wie die profete is wat vermeld word; die verlossing waarvoor die profete geprofeteer het; die profete se kennis van Christus en hulle profesie oor Christus; en laastens die Gees van Christus wat volgens 1:11 in die profete was. Die fokus van die artikel val daarna op die bediening van die profete soos wat dit in 1:12 aan die orde kom. Daar word aandag gegee aan die wyse waarop die profete die Nuwe-Testamentiese gelowiges volgens 1:12 bedien het, die feit dat die bediening van die profete 'n saak van blydschap was en dat die profete se bediening onder goddelike sorg plaasgevind het. Ten slotte word 'n aantal gevolgtrekkings gemaak.

In 'n vorige artikel (Breed 2021:2) is 'n teoretiese raamwerk uiteengesit en gemotiveer. Hierdie teoretiese raamwerk is relevant vir die ondersoek in hierdie artikel en word dus so oorgeneem en aangebied. In die eksegetiese word die grammaties-historiese model gevolg soos wat dit in die gereformeerde tradisie beoefen word (vgl. Breed, Van Rensburg & Jordaan 2008:45–53; Fee 2009:29–132; Jordaan, Van Rensburg & Breed 2011:225–258; Tolar 2002:21–38). Om 'n ontleding van 1 Petrus se gedagtestruktuur te doen, word die metode gebruik wat Coetzee (1988:19–37; vgl. ook Cotterell & Turner 1989:230–256) ontwikkel het en Breed (1994:4–5) in meer besonderhede uitgewerk het. Die metode van komponensiele analise soos in Louw and Nida (1988:vi–xx) uiteengesit en deur Breed (1994:6–7) aangepas is, word gevolg wanneer ondersoek na die woordbetekenisse van Griekse woorde gedoen word.³

Die tekstuele konteks van 1 Petrus 1:10–12

Uit die navorsing van, onder andere, Aune (1987:163) en Klauck en Bailey (2006:299–434) oor die antieke Griekse briefvorm, blyk dit dat 1 Petrus duidelike ooreenkomste met hierdie briefvorm toon. Die volgende ooreenkomste met die Griekse briefvorm kan in 1 Petrus geïdentifiseer word (vgl. Watson 2014:51–55):

3. Vergelyk Breed (1994:5–6) vir die verskillende stappe wat gevolg word om aan die hand van Louw & Nida die betekenisse waarvoor Griekse woorde gebruik word, nader te definieer. In daardie artikel word byvoorbeeld aandag gegee aan die betekenis waarvoor die woord $\delta\eta\lambda\acute{o}\omega$ in 1:11 gebruik word. Louw en Nida (1988:340, 406) toon aan dat $\delta\eta\lambda\acute{o}\omega$ in semantiese veld 28 'ken' sowel as semantiese veld 33 'kommunikeer' gebruik word. Nadat uit die konteks bepaal is dat $\delta\eta\lambda\acute{o}\omega$ in 1:11 in semantiese veld 28 gebruik word, is subdomein C waarin die woord in semantiese veld 28 gebruik word (Louw & Nida 1988:338–342), in die geheelkonteks van omliggende subdomeine geplaas deur dit met daardie subdomeine te kontrasteer. Om die betekenis waarvoor die woord gebruik word nader te definieer, is betekenis 28:42 (Louw & Nida 1988:340) waarvoor $\delta\eta\lambda\acute{o}\omega$ in 1:11 in subdomein C gebruik word, gekontrasteer met die omliggende betekenisse binne subdomein C (vgl. Louw & Nida 1988:338–342). Die kontrastering laat byvoorbeeld blyk dat $\delta\eta\lambda\acute{o}\omega$ nie die betekenis 'bekendmaak deur deeglike verduideliking' (vgl. betekenis 28.41) of die betekenis 'wat met sekerheid bekend is' (28.43) beklemtoon nie. Dit het geblyk dat $\delta\eta\lambda\acute{o}\omega$ in 1:11 gebruik word vir die betekenis 'om sekere inligting bekend te maak wat voorheen onbekend was, of wat moeilik was om te verstaan'. Hoewel al hierdie stappe telkens in die ondersoek na die woordbetekenisse van Griekse woorde gevolg word, word dit ter wille van bondigheid nie in hierdie artikel weergegee nie.

1:1–2 *Praescriptum* (aanhef)

1:3–12 *Formula valetudinis* in die vorm van 'n eulogie (lofprysing)

1:13–5:11 Die liggaam van die brief

1:13–2:10 Aanloop tot die hoofbetoeg

2:11–4:11 Hoofbetoeg

4:12–5:11 Afloop van die hoofbetoeg

5:12–14 Briefslot

1:10–12 is dus volgens hierdie uiteensetting deel van die *formula valetudinis* van die brief.

Dit is moontlik om 1 Petrus in agt groot gedagte-eenhede in te deel. Hierdie gedagte-eenhede kan soos volg uiteengesit word:

1. Aanhef (1:1–2).
2. Lofprysing (1:3–12).
3. Geroepenes se heilige lewe (1:13–2:10).
4. 'n Doelgerigte lewe voor die oë van ongelowiges (2:11–3:12).
5. Verantwoorde optrede deur hulle wat deur Christus se lyding en oorwinning na God gelei is (3:13–4:6).
6. 'n Lewe tot verheerliking van God in die lig van die wederkoms (4:7–11).
7. Om te deel aan Christus se lyding en aan sy heerlikheid (4:12–5:11).
8. Slot en seënbede (5:12–14).

Die kleiner gedagte-eenheid, 1:10–12, wat in hierdie artikel aan die orde is, vorm saam met twee ander kleiner gedagte-eenhede die groter lofprysingsgedagte-eenheid (1:3–12). Daar behoort dus in die eksegetiese van 1:10–12 in ag geneem te word dat Petrus die lesers in hierdie verse tot verering van God wil lei.

Die groter gedagte-eenheid, 1:3–12, kan soos volg aangedui word:

- (1:3–5) Lof aan God. Deur die opstanding van Christus uit die dood het hy die geadresseerdes nuut verwek.
- (1:6–9) Lof aan God. Die geadresseerdes se lyding sal uitloop op heerlikheid by die openbaring van Christus.
- (1:10–12) Lof aan God. Nuwe-Testamentiese gelowiges word in hulle lyding betroubaar deur Ou-Testamentiese profete bedien.

Omdat 1:10–12 deel is van die lofprysingsgedeelte is dit ook belangrik om op die noue verband tussen die lofprysingsgedeelte en die res van die brief te let. Kendall (1986:104) wys daarop dat 1:3–12 as 'n fondament dien vir al die aanmoedigingsgedeeltes wat in 1:13–5:11 aangetref word. Achtemeier (1996:73) en Williams (2011:149) sê dat 1:3–12 'n inleiding tot die hele brief is. Volgens Phillips (2013:113) dien 1:3–12 as basis vir vier hoof-aanmoedigingsgedeeltes in die res van die brief. In die lig van die besondere posisie van die

lofprysingsgedeelte in die skrywe, behoort daar in hierdie artikel deeglike aandag gegee te word aan die verhouding tussen 1:10–12 en die res van die brief.

Die geadresseerdes se lyding

Die lyding van die geadresseerdes neem, soos reeds genoem, 'n sentrale plek in 1 Petrus in. Reeds in die lofprysingsgedeelte (1:3–12) vermeld Petrus die lesers se lyding. Hy verwys in 1:6 na allerlei beproewings (vgl. ποικίλοις πειρασμοῖς) wat die lesers verduur. Ook in die res van die brief word dikwels na die lesers se lyding verwys. Petrus gebruik woorde soos πειρασμός (1:6; 4:12), πάσχω (3:14; 4:1, 15–16, 19; 5:10) en ὀνειδίζω (4:10) om hierdie lyding aan te dui. Omdat 1:10–12 ten nouste met die lofprysingsgedeelte, asook met die res van die brief (sien bo) verbind is, word daar nou nader ondersoek ingestel na die lyding wat Petrus se lesers ondergaan het.

Verskeie skrywers het al pogings aangewend om die lyding van die geadresseerdes nader te beskryf. Phillips (2013:99) wys, in ooreenstemming met onder andere skrywers soos Achtemeier (1996:35–36) en Jobes (2005:9–10), daarop *'that the persecutions described in 1 Peter are unofficial, taking the form of widespread yet localised social ostracism and harassment instigated by the general populace'*. Dit is, volgens hom, nodig dat 1 Petrus in die konteks van historiese gebeure in die tyd van Nero verstaan moet word. Williams (2012) aanvaar ook dat 1 Petrus in die tyd van Nero geskryf is en toon uit gedeeltes soos 2:11–17; 3:14b–16 en 4:12–19 aan dat die geadresseerdes van 1 Petrus ook vervolging van die owerheid ondergaan het. Hy (Williams 2012) verduidelik dit soos volg:

Following the Neronian persecution, Christianity was deemed effectively illegal across the Roman Empire. What this meant for Christians is that official accusations could be brought by the local populace with the result that sanctioned punishments would be meted out by Roman authorities merely on the basis of a person's confessed Christian identity. (pp. 303–316)

Uit die brief is dit duidelik dat die lyding van die geadresseerdes verskillende vorms aangeneem het, byvoorbeeld beswadderings (καταλάβω, 2:12 en 3:16), ernstige beledigings (λοιδορία, 3:9), vernederings (καταισχύνω, 3:16) en minagting (ὀνειδίζω, 4:14; vgl. Hockey 2019:147). Dit is moontlik dat die skrywer in 2:18–20 (vgl. κολαφίζω in 2:20) wil aandui dat die geadresseerdes wel ook fisiese lyding verduur het (Michaels 2004:391).

Die lyding waaraan Petrus se lesers onderwerp is, het volgens 1:6 nie toevallig op hulle pad gekom nie. Wanneer Petrus in 1:6 sê dat die lesers deur allerlei beproewings bedroef gemaak word, gebruik hy die teenwoordige tyd-deelwoord van δεῖ en dui daarmee die *'divine necessity of their trials'* (Best 1971:78) aan. Die lyding van die lesers was 'n noodsaaklike element van hulle verlossing (Wall 2004:374).

Dit blyk uit die voorafgaande gegewens dat daar met Kirkpatrick (1982:59) saamgestem kan word dat 1 Petrus *'may not be understood apart from the problems of discrimination and oppression suffered by the early Christian congregations in the*

"troublesome environment" of the northern provinces of Asia Minor'. In hierdie artikel word deurgaans rekening gehou met die feit dat ook 1:10–12 binne hierdie konteks van die lesers se lyding verstaan moet word.

Die profete wat die Nuwe-Testamentiese gelowiges bedien het

Eksegete is nie eens oor wie die profete is wat in 1:10–12 vermeld word nie. Selwyn (1987:134) is oortuig dat die skrywer die Nuwe-Testamentiese profete in gedagte gehad het. Met enkele uitsonderings (vgl. byvoorbeeld Warden 1989:1–12), het Selwyn min eksegete van sy standpunt oortuig.

Daar is sterk aanduidings dat Petrus in 1:10–12 oor Ou-Testamentiese profete handel. Dit is eerstens duidelik dat die profete volgens 1:11 nie geweet het wat die omstandighede sou wees van die verlossing waarvoor hulle geprofeteer het nie – inligting waarvoor die Nuwe-Testamentiese profete wel beskik het (Witherington 2008:83). Davids (1990:61) sê *'The prophets are surely OT prophets because they stand in contrast to the "you" of this early congregation.'* Williams (2011:180) noem dat die bywoord νῦν in 1:12 'n kontras impliseer tussen dit wat in die tyd van die profete getuig is (προμαρτύρομαι) en dit wat aan die lesers meegedeel is. Dit blyk dus dat Petrus met die woord προφήτης in 1:10 die profete van die Ou Testament in gedagte gehad het. Die brief haal ook voortdurend Ou-Testamentiese gedeeltes (insluitend die Torah en Psalms) aan.

Die woord *profete* (προφήτης) in 1:10 moet egter nie te eng verstaan word nie (Bauckham 1988:310). Die woord *profete* verwys eintlik na die Ou Testament in die algemeen *'since the Law and the Writings (cf. esp. the Psalms) were regarded by early Christians as prophetic'* (Kelly 1982:59).

Die verlossing waarvoor die Ou-Testamentiese profete geprofeteer het

Wanneer Petrus in 1:10–12 oor die Ou-Testamentiese profete begin handel, plaas hy verlossing (σωτηρία) voorop. Hy maak met die frase περί ἧς σωτηρίας in 1:10 duidelik dat die verlossing wat by die profete aan die orde was, nie 'n ander verlossing is as die verlossing wat hy in 1:3–9 beskryf het nie. Die verlossing waarvoor die Ou-Testamentiese profete geprofeteer het is dieselfde verlossing wat God die Vader in sy barmhartigheid, volgens gedagte-eenheid 1:3–5, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood bewerk het en waardeur die lesers nuut gebore is (ἀναγεννάω) (Louw & Nida 1988:155). Die frase περί ἧς σωτηρίας in 1:10 verwys ook na die verlossing waarvoor Petrus in gedagte-eenheid 1:6–9 handel. In hierdie gedagte-eenheid maak Petrus duidelik dat gelowiges wat te midde van hulle beproewings reeds die vreugde van hulle verlossing ervaar, die sekerheid het dat hulle met die openbaring van Jesus Christus die volle maat daarvan sal beleef (Schreiner 2003:70, 220–221).

Daar word in 1:10 ook deur die gebruik van die woord *genade* (χάρις) na verlossing verwys. Χάρις wys in die vers nie eerstens na God se guns nie, maar eerder na die uitkoms van sy guns, naamlik die gawe van verlossing self (Michaels 1988:41). Χάρις is 'almost equivalent to salvation' (Best 1971:80–81). Petrus gebruik in 1:10 die voorsetsel εἰς saam met die akkusatief ὑμᾶς 'om beweging na toe' aan te dui (vgl. Jordaan 2014:127–128). Die verlossing waarvoor die profete geprofeteer het, is die verlossing wat God vir die lesers bestem het.

In 1:10 beklemtoon die skrywer die houding van die profete ten opsigte van die verlossing waarvoor hulle geprofeteer het. Die twee aoristus werkwoorde ἐξεζήτησαν en ἐξηραύνησαν in 1:10 word in die semantiese veld 'om te leer' in die subdomein 'poog om te leer' en vir die betekenis 'om 'n aansienlike poging en sorg aan te wend om iets te wete te kom' (Louw & Nida 1988:331). Die woorde dien in 1:10 as sinonieme (Dubis 2010:17). Dit blyk dat die skrywer met die twee woorde benadruk dat die Ou-Testamentiese profete nie maar in die verbygaan kennis geneem het van die verlossing waarvoor hulle geprofeteer het nie. Hulle het alles in die stryd gewerp om meer van die verlossing te wete te kom. Saam met Thurén (1995:102) kan afgelei word dat die skrywer deur die profete se erns met die verlossing te beklemtoon, die waarde van die verlossing waarvoor die profete geprofeteer het vir die lesers in hulle omstandighede uitlig. Soos die profete, behoort die lesers ook die waarde van die verlossing te begryp.

Die Ou-Testamentiese profete se kennis van Christus en hulle profesie oor hom

Aan die Ou-Testamentiese profete is volgens 1:11 sekere inligting bekend gemaak wat voorheen óf onbekend was óf moeilik was om te verstaan (vgl. Δηλόω) (Louw & Nida 1988:340). Deur die gebruik van die teenwoordige tyd-deelwoord ἐραυνῶ laat Petrus blyk dat die profete probeer het om deur sorgvuldige ondersoek meer inligting te kry (Louw & Nida 1988:330). Dit wat die Gees bekend gemaak het was dus 'a revelation not fully accomplished, because the prophets had to make "diligent and careful inquiry" as to its exact meaning' (Michaels 1988:43). Die inligting waarna die profete ondersoek ingestel het, word met die frase εἰς τίνα ἢ ποῖον καιρὸν aangedui.⁴ Hierdie frase is 'n *crux interpretum*. Sommige eksegete (vgl. byvoorbeeld Forbes 2014:30; Phillips 2013:138–139; Van Houwelingen 1991:58) aanvaar dat die skrywer in die frase τίς as vraende voornaamwoord (vgl. Jordaan 2014:108) gebruik, en dus na 'n persoon verwys. 'n Sterk argument dat τίς in 1:11 as voornaamwoord verstaan moet word, berus op die gebruik van τίς in die Nuwe Testament. Kilpatrick (1986:91–92) het ondersoek ingestel na die Nuwe-Testamentiese skrywers se gebruik van die woorde τίς en ποῖος, en bevind dat die 'interpretation which treats τίνα as the interrogative pronoun and ποῖον as the corresponding interrogative adjective seems to be in agreement with general New Testament practice'. Hiervolgens het die profete dus na twee

4. Die frase εἰς τίνα ἢ ποῖον καιρὸν is die objek van die teenwoordige tyd-deelwoord ἐραυνῶντες sowel as die imperfektum werkwoord ἐδήλου (Achtmeier 1996:109).

sake ondersoek ingestel: hulle wou meer te wete te kom in verband met 'n persoon asook in verband met tyd.

Dit is egter moontlik dat τίς en ποῖος in 1:11 as byvoeglike naamwoorde saam met die naamwoord καιρός gebruik word. Met die frase τίνα ἢ ποῖον καιρὸν verwys die skrywer hiervolgens na die tyd en die omstandighede van daardie tyd. Daar is verskeie argumente waarom laasgenoemde keuse voorkeur behoort te geniet. Williams (2011:181–182) wys daarop dat die klem van die teks op die tydsverskil tussen die profete van die verlede en die Nuwe-Testamentiese gemeenskap val. Die tydsverskil kom, onder andere, na vore in die woorde καιρὸν (1:11) en νῦν (1:12). Daar moet ook in ag geneem word dat, indien Petrus met τίς enersyds na 'n persoon verwys en met καιρὸν andersyds na 'n spesifieke tyd, dit wil sê twee sake wat met mekaar verband hou maar tog verskillend is, sou die skrywer eerder καὶ gebruik het as ἢ (Michaels 1988:42). Dit is verder duidelik dat die profete volgens 1:10–12 nie onbekend was met die Persoon wat in die kern van die verlossing is en waarvoor in die verse gehandel word nie (Kaiser 2009:75). Daar moet ook op gelet word dat daar in die Ou-Testamentiese bedeling 'n behoefte was om juis die tyd van verlossing te ken. Hierdie behoefte word duidelik uit gedeeltes soos Daniël 12:5–13, Habakuk 2:1–4 en Esra 4 (Williams 2011:181–182). Dit blyk dus dat die profete, ondanks die feit dat inligting bekend gemaak is, nie geweet het wat die tyd en die omstandighede sou wees van die verlossing waarvoor hulle geprofeteer het nie.

Petrus dui in 1:11 aan hoe die Gees die inligting bekend gemaak het. Hy gebruik die teenwoordige tyd-deelwoord προφητεύσαντες in 'n 'verhouding van wyse' tot die werkwoord δηλόω (vgl. Jordaan 2014:39). Met die woord προμαρτύρομαι dui Petrus aan dat die Gees van Christus 'beforehand' getuienis gelewer het (Grudem 1987:69; vgl. ook Louw & Nida 1988:421). Die wyse waarop die Gees dus inligting bekend gemaak het, is om vooruit getuienis te lewer.

Deur die frase τὰ εἰς Χριστὸν παθήματα καὶ τὰς μετὰ ταῦτα δόξας word duidelik gemaak waarvoor die Gees van Christus vooruitgetuig het. Soms word aanvaar dat hierdie frase τὰ εἰς Χριστὸν παθήματα na die 'Messianic woes', wat gelowiges voor die wederkoms sal beleef, verwys (vgl. Selwyn 1987:136–137, 263–264). Grudem (1987:70) wys egter daarop dat die Nuwe Testament wel noem dat mense soos Christus ly, maar dat εἰς saam met die akkusatief nooit gebruik word om 'suffering toward' Christus aan te dui nie. Die feit dat die lyding wat Christus deurgemaak het 'n sentrale plek in 1 Petrus inneem (Joseph 2012:103), gee 'n sterk aanduiding dat Petrus met τὰ ... Χριστὸν παθήματα na die lydings wat Christus deurgemaak het, verwys. Dat daar in 1:11 met εἰς saam met die akkusatief Χριστὸν na lydings wat vir Christus bestem is, verwys word, word verder bevestig deur die feit dat Petrus reeds in 1:10 die voorsetsel εἰς saam met die akkusatief ὑμᾶς gebruik het om aan te dui dat die genade vir die lesers bestem is (Achtmeier 1996:110). Met εἰς saam met τὰ ... Χριστὸν παθήματα maak die skrywer duidelik dat die Gees deur die profete vooraf getuig het dat Christus volgens God se besluit sou ly (Williams 2011:183).

Dit is opmerklik dat Christus se lyding in 1:11 in die meervoud *παθήματα* aangedui word. Daar kan met Van Houwelingen (1991:59) saamgestem word dat die meervoud van *πάθημα* op die verskillende vorms van lyding wat Jesus Christus hier op aarde moes deurmaak, dui. Petrus vermeld immers op verskeie plekke in die brief na die verskillende vorms van lyding wat Christus deurgemaak het (vgl. Harrington 2008:34). Volgens 1:18–19 het Christus byvoorbeeld mense met sy kosbare bloed (*τιμίῳ αἵματι*) losgekoop; Christus is volgens 2:4 as lewende steen deur mense verwerp (*ἀποδοκιμάζω*); Hy is uitgeskel (*λοιδορέω*); (2:23) en Hy het volgens 3:18 vir die onregverdige gely (*περὶ ἀμαρτιῶν ἔπαθεν*).

Met betrekking tot die heerlikhede (*τὰς ... δόξας*) wat in 1:11 genoem word, is Selwyn (1987:264) oortuig dat die meervoud heerlikhede *'is more easily understood of the divers rewards of a number of Christians than of Christ's alone'*. Hoewel Petrus elders in die brief oor die heerlikheid van die lesers handel, kan daar met Schreiner (2003:72) saamgestem word dat hy hom in 1:11 met *τὰς ... δόξας* tot die heerlikhede van Christus beperk. Petrus het immers reeds in 1:10 met die konstruksie *εἰς ὑμᾶς χάριτος* verwys na 'genade vir julle'. Deur dieselfde gebruik van die voorsetsel *εἰς* in 1:11, wys hy op Christus se lydings en heerlikhede (vgl. ook Michaels 1988:45). Hoewel die gebruik van die meervoud *δόξας* in 1:11 ongewoon is (Feldmeier 2008:94), beskryf Petrus uitdruklik in die brief verskeie van Jesus Christus se oorwinnings. Dit bied 'n duidelike aanduiding na watter heerlikhede Petrus in 1:11 verwys. In 1:3 skryf hy byvoorbeeld oor Jesus Christus se opstanding uit die dood, in 3:22 oor sy binnegaan in die hemel in en die magte wat aan Hom onderwerp word, en in 1:7 oor sy finale openbaring (vgl. ook Forbes 2014:31; Green 2007:29).

Daar moet op gelet word dat daar vooruitgetuig is dat Christus se lyding nie by lyding sou eindig nie, maar sou uitloop op sy heerlikheid (vgl. die voorsetsel *μετά* saam met die akkusatief *τῶν* in 1:11). Dit is nie alleen goddelik bepaal dat Christus sou ly nie, maar ook dat hy ná sy lyding verheerlik sou word.

Die Gees wat in die Ou-Testamentiese profete was as die Gees van Christus

Die Gees wat in die profete was en wat vooruitgetuig het, word in 1:11 die Gees van Christus (*τὸ ... πνεῦμα Χριστοῦ*) genoem. Daar is verskillende menings oor wie die skrywer met die frase *τὸ ... πνεῦμα Χριστοῦ* in die oog het. Kelly (1982:60) sê dat die frase *'Christ Himself conceived of as divine spirit'* aandui. Schreiner (2003:73) is oortuig dat die frase verstaan moet word as die Heilige Gees wat vanaf Jesus Christus gestuur is. Harrington (2008:38) verstaan die frase *πνεῦμα Χριστοῦ* as die *'mysterious presence of Christ at work even before his incarnation'*.

Die feit dat die Gees van die Here (*τὸ πνεῦμα τοῦ κυρίου*) in die Ou Testament aangedui word as die een deur wie profete geprofeteer het (vgl. byvoorbeeld Jes 61:1; Eseg 11:5), is genoegsame aanduiding dat Petrus met *πνεῦμα* in 1:11 na die *τὸ πνεῦμα τοῦ κυρίου* verwys.⁵ Hy noem die Gees egter in 1:11 die Gees van Christus (*τὸ ... πνεῦμα Χριστοῦ*) om aan te dui oor wie die Gees van die Here getuig het. Die genitief *Χριστοῦ* is dus 'n objektiewe genitief. Die Gees van die Here het aangaande Christus getuig (vgl. Richard 2000:54).

In 1:11 word die betroubaarheid van die Ou-Testamentiese profete se profesie beklemtoon. Petrus laat blyk dat die profete se profesie nie 'n menslike oorsprong het nie. Dit wat voorheen onbekend was of moeilik was om te verstaan (vgl. Louw & Nida 1988:340 vir die betekenis waarvoor *δηλόω* gebruik word) is deur die Gees bekend gemaak. Petrus sê uitdruklik dat die Gees van Christus in die profete was (vgl. *τὸ ἐν αὐτοῖς πνεῦμα Χριστοῦ*). Die profete het onder aandrang van die Gees van die Here oor Christus geprofeteer (Harrington⁶ 2008:38). *'De Geest was zo in hun leven (ἐν αὐτοῖς) present, dat zijn signaal voldoende duidelijk doorklonk'* (Van Houwelingen 1991:58–59). Hoewel Petrus sê dat dit die Gees was wat vooruit oor Christus se lydings en heerlikhede getuig het, het die Gees deur die profete vooruitgetuig (Grudem 1987:69).

Deur aan te dui dat die Gees in die profete was, word die betroubaarheid van die profete se profesie bevestig. Die profesie van die profete bevat nie maar net menslike oortuigings nie. Die Gees is in die profete se profesie aan die woord. Daar moet ook op gelet word dat die woord *προμαρτύρομαι* in 1:11 die betroubaarheid van dit wat vooruitgetuig is, aandui (Louw & Nida 1988:421).

Die wyse waarop Ou-Testamentiese profete die Nuwe-Testamentiese gelowiges bedien het

Die Ou-Testamentiese profete word in 1:12a met die woord *διακονέω* as bedienaars aangedui. Die woord *διακονέω* word in 1:12 gebruik vir die betekenis 'om bystand te verleen deur sekere dienste te verrig' (Louw & Nida 1988:460). Daar is volgens die vers, soos reeds genoem, aan die profete bekend gemaak (*ἀποκαλύπτω*) dat hulle mense sou bedien. Deur die aoristus passief *ἀπεκαλύφθη* laat die skrywer waarskynlik blyk dat God hierdie inligting oor hulle bediening aan hulle bekend gemaak het (Michaels 1988:45). Die woord *ἀποκαλύπτω* wys daarop dat inligting ten volle bekend gemaak is (Louw & Nida 1988:339). Die profete was volgens 1:12 nie in hulle bediening op hulleself gerig nie (vgl. *ὅτι οὐχ ἑαυτοῖς ... δὲ διηκόνουν*), maar op Petrus se lesers. Hulle bediening was bedoel vir 'n volgende geslag – mense wat deur God die

5. In 1:11 handel Petrus oor die werking van die Gees in die Ou-Testamentiese bediening, terwyl hy in die ander gedeeltes waarin hy na die Gees verwys, die Gees se werking in die Nuwe-Testamentiese bediening aan die orde stel.

6. Soos reeds genoem, verstaan Harrington (2008:38) die frase *πνεῦμα Χριστοῦ* nie as die Gees wat aangaande Christus getuig nie, maar as die *'mysterious presence of Christ at work even before his incarnation'*.

Vader nuut verwek is (1:3) en wat Christus liefhet en in Hom glo (1:8). Die profete se bediening was dus volgens 1:12 bedoel vir Nuwe-Testamentiese gelowiges. Petrus gebruik in 1:12a die inchoatiewe imperfektum (vgl. Jordaan 2014:10) van διακονέω om 'n herhalende aksie in die verlede aan te dui. Die imperfektum 'betokens the length and continuity of their witness' (Kelly 1982:62).

Eksegete aanvaar gewoonlik dat die skrywer nie in 1:12b verdere aandag aan die bediening van die profete gee nie. Volgens Phillips (2013:139) skuif die fokus in 1:12b vanaf die profete na die mense wat die goeie tyding verkondig het. Daar word aanvaar dat die skrywer met die frase ἃ νῦν ἀνηγγέλη ὑμῖν begin om die bevoorregte posisie van die Nuwe-Testamentiese gelowiges aan te dui (vgl. Jobs 2005:103). Petrus bring egter met die relatiewe voornaamwoord ἃ [hierdie dinge] in 1:12b weer dit wat die Gees deur die profete oor Christus se lydings en heerlikhede getuig het na vore. Die antesedent van die relatiewe voornaamwoord ἃ is αὐτά in 1:12a en αὐτά verwys terug na dit waaroor volgens 1:11 vooruitgetuig is, naamlik oor Christus se lydings en heerlikhede (Williams 2011:184). Wanneer in ag geneem word dat Petrus in 1:12a beklemtoon het dat die profete 'n latere geslag sou bedien, blyk dit dat Petrus met die bywoord νῦν in 1:12b duidelik wil maak dat die tyd wanneer die bediening van die profete vir 'n latere geslag betekenis sou hê, aangebreek het. Die Ou-Testamentiese profete se bediening het volgens 1:12b deur verkondigers van goeie tyding (vgl. τῶν εὐαγγελισμαμένων in 1:12b) in 'n latere geslag se lewe 'n werklikheid geword.

Die verkondigers het volgens 1:12b dit wat vooruitgetuig is oor Christus se lydings en heerlikhede aan die lesers in aansienlike besonderhede voorsien (vgl. Louw & Nida 1988:411 vir die betekenis waarvoor ἀναγγέλλω gebruik word). Op hierdie wyse het dit wat die Gees deur die profete getuig het in 'n tyd ná die profete in die lewe van Nuwe-Testamentiese gelowiges betekenis gekry. Op hierdie wyse het die Ou-Testamentiese profete aan die lesers bystand gebied deur aan hulle 'n spesifieke diens te lewer (vgl. Louw & Nida 1988:460 vir die betekenis waarvoor διακονέω gebruik word).

Die skrywer sê nie uitdruklik watter besonderhede oor Christus se lydings en heerlikhede deur verkondigers aan die lesers voorsien is nie. Dit is egter opvallend dat Petrus juis in sekere van die gedagte-eenhede in die brief aandag skenk aan besonderhede oor Christus se lydings en daarna aan besonderhede oor sy heerlikhede. Dit val ook op dat hy in hierdie gedeeltes dikwels uit die Ou Testament aanhaal of na Ou-Testamentiese gedeeltes verwys. Hy het met die aanhalings en verwysings waarskynlik die getuienis wat die Gees vooraf deur die profete gegee het, in gedagte. Die volgende voorbeelde waar Petrus in die brief aandag gee aan Christus se lyding en sy heerlikheid wat daarop volg, kan genoem word:

- Christus se lyding is indirek in 1:3 ter sprake wanneer Petrus na Christus se dood (νεκρός) verwys. Christus se

heerlikheid wat op die lyding volg, word aangedui wanneer hy Christus se opstanding (ἀνάστασις) uit die dood vermeld.

- Petrus bring in 1:18–19 Christus se lyding ter sprake wanneer hy noem dat Christus mense met sy kosbare bloed (τιμίω αἵματι) losgekoop (λυτρόομαι) het. Die gebruik van die woord λυτρόομαι in 1:18 dui moontlik daarop dat die skrywer in die vers na Psalm 34:22 (33:23 LXX) verwys (Jobs 2005:223). Christus se heerlikheid kom in die gedeelte aan die orde as Petrus noem dat God Christus uit die dood opgewek en heerlikheid aan hom gegee het (τὸν ἐγείραντα αὐτὸν ἐκ νεκρῶν καὶ δόξαν αὐτῷ δόντα, 1:21).
- Christus se lyding en heerlikheid word in 2:4 vermeld. Christus het gely, want hy is deur mense verwerp (ἀποδοκιμάζω). Sy heerlikheid blyk uit die feit dat God hom volgens 2:5 uitverkies het (ἐκλεκτός) het en dat hy vir God kosbaar is (ἔντιμος). Wanneer die skrywer Christus as uitverkies en kosbaar voorhou, het hy waarskynlik Christus se opstanding en verheerliking in gedagte (Schreiner 2003:104). In 2:4 is daar 'n duidelike verwysing na Psalm 118:22 en Jesaja 28:16 (Phillips 2013:191).
- In 2:19–25 beklemtoon die outeur Christus se lyding, maar ook sy heerlikheid. Christus het ter wille van die lesers gely (πάσχω, 2:21); hy is uitgeskel (λοιδορέω, 2:23) en hy het gely (πάσχω, 2:23); hy het mense se sondes aan sy liggaam aan die kruis gedra (ἀνήνεγκεν ἐν τῷ σώματι αὐτοῦ ἐπὶ τὸ ξύλον, 2:24); en hy is verwond (μώλωψ, 2:24). Petrus volg sy verwysing na Christus se lyding egter op deur die lig op sy heerlikheid te laat val. Hy noem Christus in 2:25 die Herder en Bewaker van ons siele (τὸν ποιμένα καὶ ἐπίσκοπον τῶν ψυχῶν ὑμῶν). 'In 1 Peter, Jesus as "shepherd" evokes for Peter his resurrection, just as it does for the author of Hebrews (see Heb 13:20)' (Michaels 2004:393). Dit is duidelik dat Jesaja 53 'n belangrik plek inneem in 1:22–25 (Grudem 1987:129).
- Hoewel die gedagte-eenheid 3:18–22 'notoriously obscure and difficult to interpret' (Hiebert 1982:146) is, is dit wel duidelik dat Christus se lyding en daaropvolgende heerlikheid in die gedeelte aan die orde gestel word. Volgens 1:18 het Christus vir sondes gely (πάσχω) en is hy na die vlees doodgemaak (θανάτω). Christus se heerlikheid word in 1:22 uitgespel. Christus is aan God se regterhand (ὅς ἐστιν ἐν δεξιᾷ [τοῦ] θεοῦ), hy het die hemel binnegegaan (πορευθεὶς εἰς οὐρανὸν) en engele, magte en kragte is aan hom onderwerp (ὑποταγέντων αὐτῷ ἀγγέλων καὶ ἐξουσιῶν καὶ δυνάμεων). Phillips (2013:239) sê dat daar in 3:22 heel moontlik 'n verwysing (of 'echoes') gevind kan word van Psalm 8:6 en 118:15–16. Hy sê dat die skrywer moontlik ook in 3:22 na Psalm 110:1 verwys.
- Petrus noem in 4:13–14 eers Christus se lyding (πάθημα) en verwys direk daarna dat sy heerlikheid bekend gemaak sal word (vgl. τῇ ἀποκαλύψει τῆς δόξης αὐτοῦ). In 4:14 word Jesaja 11:2 aangehaal (Carson 2007:1040).

Dit blyk uit bostaande voorbeelde dat die lydings en heerlikhede wat vooraf deur die Heilige Gees (wat in die profete was) bekend gemaak is, as 'n teologiese patroon of motief in die brief voorkom. Egan (2016:53) maak die

waardevolle opmerking dat *'the Spirit of Christ "pre-witnessed" the two-fold nature of the work of Christ'*. Hy wys daarop dat *'Peter initiates in 1:11 the motif of the sufferings of Christ and the subsequent glories that percolates throughout the epistle'* (vgl. ook Green 2006:256). Dit is duidelik dat die besonderhede van Christus se lydings en heerlikhede waaroor die Gees deur die profete getuig het en wat reeds aan die lesers voorsien is deur Petrus in die brief aan die orde gestel word.⁷

Die bediening van Ou-Testamentiese profete as 'n saak van blydskap

Om die mense aan te dui deur wie die bediening van die profete 'n werklikheid geword het, gebruik Petrus in 1:12 die genitiewe aoristus deelwoord van εὐαγγελίζω. Die woord εὐαγγελίζω word vir die betekenis 'om goeie tyding te kommunikeer' gebruik. Dit wys in die Nuwe Testament spesifiek op goeie tyding oor Jesus Christus (Louw & Nida 1988:412). Dit was dus mense wat 'n goeie tyding oor Jesus Christus gekommunikeer het deur wie die bediening van die profete 'n werklikheid geword het. Hulle het dit wat vooruitgetuig is oor Christus se lydings en heerlikhede as goeie tyding gekommunikeer.

Om te verstaan waarom Christus se lyding en heerlikheid vir Nuwe-Testamentiese gelowiges as goeie tyding gekommunikeer kon word, moet die klem wat Petrus in die brief op die verhouding tussen Christus en die gelowiges plaas, in ag geneem word. Christensen (2015:339–354) toon hierdie beklemtoning in 1 Petrus aan. Volgens hom omvat die verhouding tussen gelowiges en Christus in 1 Petrus die volgende temas:

- 'Eenheid met' Christus (vgl. die frases ἐν Χριστῷ) (Christensen 2015:341–343).
- 'Deel hê aan' Christus (vgl. byvoorbeeld die moontlikheid om deel te hê aan Christus se lyding in 4:13, aangedui met die woord κοινωνέω) (Christensen 2015:348).
- 'Identiteit in' Christus (in 5:14 word die lesers se identiteit aangedui met die frase ἐν Χριστῷ) (Christensen 2015:343).
- 'Inkorporering in' Christus (in 2:9 dui die skrywer die kerk aan 'as bearers of the divine presence through their incorporation in Christ') (Christensen 2015:352).

Vanweë hierdie verhouding met Jesus Christus, dra gelowiges nie maar net kennis van Christus se lydings en daaropvolgende heerlikhede nie. In hulle eenheid met Christus deel gelowiges voluit aan sy lyding sowel as sy heerlikheid. Vanweë die lesers se een-wees met Christus kon Christus se lydings en heerlikhede waaroor vooruitgetuig is vir die lesers as goeie tyding voorsien word.

Soos reeds genoem, moet 1:10–12 verstaan word binne die konteks van die lyding waaraan die lesers onderwerp is. Die goeie tyding wat in besonderhede aan die lesers bekend gemaak is, moet dus ook binne die konteks van die lesers se lyding verstaan word. Uit die gedeeltes in die brief waarin

⁷Vergelyk 1:18 waar Petrus sê dat die lesers kennis dra (vgl. οἶδα) van die lyding en heerlikheid van Christus waaroor hy in 1:18–22 handel.

Christus se lydings en heerlikhede aan die orde gestel word, kan enkele sake waarin die goeie tyding na vore kom, uitgelig word. Die goeie tyding aan die lydende gelowiges word hier bondig opgesom:

- Die lesers se identiteit word deur hulle verlossing in Christus bepaal en nie deur hulle lyding nie (1:3–5; 2:4–10; 3:18–22).
In hulle eenheid met Christus is gelowiges nuut verwek (ἀναγεννάω, 1:3) – het hulle hoop (ἐλπίς, 1:3) en sekerheid dat hulle erfgename is (vgl. κληρονομία, 1:4). Hulle is lewende stene (λίθοι ζῶντες, 2:5), want hulle deel in Christus se 'resurrection life' (Schreiner 2003:105). Hulle is volgens 2:5 'the living stones of God's new temple' (Grudem 1987:99). Christene is nie meer vyande van God nie, want hulle is deur Jesus Christus tot in die teenwoordigheid van God die Vader gelei (3:18; Davids 1990:136).
- As gelowiges word die lesers se optrede deur hulle verlossing in Christus bepaal, en nie deur die lyding wat hulle verduur nie (1:17–21; 2:18–25).
Die lesers is losgekoop (λυτρόομαι) van hulle vorige futiele leefwyse (ματαιάς ... ἀναστροφῆς, 1:18). As mense wat God as Vader aanroep, tree hulle nou met ontsag op (ἐν φόβῳ ... ἀναστράφητε, 1:17). Christus se lyding het volgens 2:24 twee gevolge vir die lesers ingehou. Eerstens het gelowiges saam met Christus hulle sondes afgesterf (τὰς ἁμαρτίας ... ἀνήνεγκεν) en hulle kan nou vir geregtigheid leef (vgl. τῇ δικαιοσύνῃ ζήσωμεν). Tweedens is die lesers genees (ἰάομαι). Geestelik en moreel is hulle van hulle sondes genees deurdat Christus plaasvervangend hulle straf gedra het (Grudem 1987:132).
- Gelowiges is te midde van lyding nie rigtingloos nie. As dissipels van Christus volg hulle in sy voetspore (2:18–25).
Christus het ter wille van die mense wat aan hom behoort, gely sodat hy vir hulle 'n voorbeeld (ὑπογραμμός, 2:21) kon nalaat. Deur die voorbeeld wat hy nalaat, kan Christene in sy voetspore volg (vgl. ἵνα ἐπακολουθήσητε τοῖς ἰχνεσιν αὐτοῦ, 2:21). Om in Christus se voetspore te volg, beteken nie dat iemand hom bloot naboots nie. Gelowiges volg Christus as sy dissipels (Goppelt 1993:202).
- In hulle lyding is gelowiges steeds onder sorg en bewaking (1:3–5; 2:18–25).
Gelowiges word volgens 1:5 in hulle eenheid met Christus deur die krag van God (ἐν δυνάμει θεοῦ) bewaar (φρουρέω). Wanneer Petrus in 2:25 die heerlikheid van Christus vermeld (sien bo), word die betekenis daarvan ook vir die lesers in hulle omstandighede indirek aan die orde gestel. Die lesers is nie uitgelewer aan die mense wat hulle lyding veroorsaak nie. Hulle is onder die sorg en bewaking van die verheerlikte Christus. Hulle het immers teruggekeer na hom wat die Herder en Bewaker van hulle siele is (vgl. ἐπεστράφητε νῦν ἐπὶ τὸν ποιμένα καὶ ἐπίσκοπον τῶν ψυχῶν ὑμῶν) (Michaels 1988:151).
- Gelowiges se lyding loop op heerlikheid uit (4:12–19).

Omdat gelowiges in hulle lyding aan Christus se lyding deel, mag hulle seker wees dat hulle met sy wederkoms groot

blydskap sal ervaar. Hulle sal in Christus se heerlikheid deel (4:13). As gelowiges saam met Christus ly deurdat hulle ter wille van die naam van Christus (ἐν ὀνόματι Χριστοῦ) beledig word (ὀνειδίζω), sal hulle seën ontvang. Die Gees van heerlikheid sal op hulle rus. As die Gees op iemand rus, mag die persoon seker wees van *'an unusual fullness of the presence of the Holy Spirit to bless, to strengthen, and to give a foretaste of heavenly glory'* (Grudem 1987:179).

Petrus beklemtoon die wonder van die goeie tyding wat aan Nuwe-Testamentiese gelowiges bekend gemaak is in 1:12 deur na engele te verwys. Hy maak met die deelwoord ἐπιθυμοῦσιν duidelik dat die engele 'n groot begeerte het om iets te doen (vgl. Louw & Nida 1988:290). Die engele wil, deur hulle in te span, meer te wete kom (παρακύπτω) (vgl. Louw & Nida 1988:331). Dit wat die engele te wete wil kom word met die voorstelsel εἰς en die relatiewe voornaamwoord ἃ aangedui. Die relatiewe voornaamwoord ἃ is die antesedent van αὐτά in 1:12 (Dubis 2010:22). Die engele het dus 'n groot begeerte om meer te wete te kom van die lydings en heerlikhede van Christus wat as goeie tyding aan die lesers verkondig is. Richard (2000:55) vergelyk Petrus se stelling in 1:12 oor die engele met Efesiërs 3:10, Romeine 8:19 en Openbaring 5:11–14. Hy toon aan dat die skrywer *'evokes both the grandeur of God's salvific activity and the deep yearning of creation for eternal glory in God's presence (3:18, 5:10)'*. Petrus bevestig dus met die stelling oor die engele die wonder van Christus se lydings en heerlikhede wat vooruit bekend gemaak is en as goeie tyding in besonderhede aan die lesers bekend gemaak is.

Goddelike sorg en die profete se bediening

Die voorsiening van besonderhede oor wat vooruit bekend gemaak is aangaande Christus se lydings en heerlikhede, het volgens 1:12 onder God se sorg plaasgevind. Petrus maak in 1:12b duidelik dat die oorsprong van die besonderhede oor Christus se lydings en heerlikhede wat aan die lesers bekend gemaak is nie by die verkondigers van die besonderhede lê nie, maar by God self. Hy gebruik in 1:12 διὰ saam met die genitiewe τῶν εὐαγγελισμένων en maak daarmee duidelik *'that the agency of the evangelists here is intermediate since ultimate agency is usually expressed by ὑπό plus the genitive'* (Dubis 2010:21).

'n Verdere beklemtoning van goddelike sorg kom na vore wanneer Petrus in 1:12 na die verhouding tussen die Gees en die verkondigers verwys. Hy verwys na die Gees met die datiewe πνεύματι ἀγίῳ in 1:12. Die datiewe kwalifiseer nie die passiewe werkwoord ἀναγγέλλω nie, maar die deelwoord εὐαγγελισμένων (Dubis 2010:21). Πνεύματι ἀγίῳ word in 1:12 as assosiatiewe datiewe gebruik (vgl. Jordaan 2014:124). Die evangeliste het saam met die Heilige Gees die besonderhede oor Jesus Christus se lydings en heerlikhede voorsien. Hulle het die inligting onder die sorg van die Heilige Gees bekendgemaak.

Die goddelike sorg word verder aangedui wanneer Petrus die sending van die Heilige Gees op die voorgrond stel. Hy

maak met die aoristus passiewe deelwoord van ἀποστέλλω duidelik dat die Heilige Gees gestuur is, en wys ook daarop dat die Gees uit die hemel gestuur is (ἀπ' οὐρανοῦ). Petrus sê nie wie die Gees gestuur het nie. Hoewel dit moontlik is dat Petrus bedoel dat God die Vader die Heilige Gees uit die hemel gestuur het, is dit beter om te aanvaar dat Petrus in hierdie vers Jesus Christus as die Sender in gedagte het. Petrus beklemtoon immers in die brief die heerlikheid van Christus en sê in 3:22 uitdruklik dat Jesus Christus in die hemel ingegaan het. Christus word ook elders in die Nuwe Testament aangedui as die een wat, nadat hy verheerlik is, die Heilige Gees stuur (vgl. Jn 15:26; 16:7; Hand 2:33).

Petrus maak, so blyk dit, doodseker dat die lesers besef dat die inligting oor Christus se lydings en heerlikhede wat in besonderhede aan hulle as Nuwe-Testamentiese gelowiges voorsien is, betroubaar is. Die inligting het 'n goddelike oorsprong en deur die sorg van die Heilige Gees wat Jesus Christus uit die hemel gestuur het, het die verkondigers die inligting betroubaar aan hulle gekommunikeer.

Gevolgtrekkings

Die apostel Petrus spoor in 1:10–12 sy lesers aan om God steeds te loof te midde van lyding wat hulle as Christene deurmaak. Hy moedig hulle aan om God te loof deur hulle te verseker dat hulle te midde van hulle omstandighede as Nuwe-Testamentiese gelowiges deur Ou-Testamentiese profete bedien word. Die versekering wat hy aan hulle gee, sluit die volgende in:

1. Die profete het reeds in die Ou-Testamentiese bedeling oor die verlossing wat God deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood bewerk het en wat vir die lesers bestem is, geprofeteer. Die profete het die waarde van die verlossing waarvoor hulle geprofeteer het, besef – iets waartoe Petrus die lesers by implikasie ook aanmoedig.
2. Hoewel die profete nie die tyd en omstandighede van die verlossing waarvoor hulle geprofeteer het, geken het nie, het die Gees deur hierdie profete oor Christus vooruitgetuig. Volgens hierdie getuienis sou Christus in ooreenstemming met God se besluit verskillende lydings deurmaak. Sy lyding sou egter nie by lyding eindig nie. Hy sou, ná sy lyding, verheerlik word. In hierdie getuienis van die Gees is 'n teologiese patroon of motief van lyding wat op heerlikheid uitloop, bekend gemaak. Hierdie patroon of motief van lyding wat op heerlikheid uitloop, word in 1 Petrus gevind.
3. Die getuienis wat vooraf oor Christus se lydings en heerlikhede gegee is, kan heelhartig deur die lesers geglo word. Die profete se profesie was nie op menslike denke gegrond nie. Die Gees wat in die profete was, was die Gees van die Here (הִנֵּה יְהוָה). Die Gees van die Here het deur profete in die Ou-Testamentiese bedeling getuig. Vanweë die getuienis van die Gees was die profete se profesie betroubaar.
4. Die bediening deur die profete het in die lewe van die lesers 'n werklikheid geword toe verkondigers aansienlike

besonderhede aan hulle voorsien het oor dit wat vooruitgetuig is oor Christus se lydings en heerlikhede. Die getuigenis oor Christus se lydings en heerlikhede het met die bekendmaking van die besonderhede, konkrete betekenis gekry in die lewe van die lesers wat verskillende vorme van lyding verduur het.

5. Ook die aansienlike besonderhede wat verkondigers aan die lesers oor Christus se lydings en heerlikhede voorsien het, was, soos die profete se profesie, betroubaar. Hierdie besonderhede het immers 'n goddelike oorsprong en die verkondigers het dit onder die sorg van die Heilige Gees wat deur die verheerlikte Christus uit die hemele gestuur is aan die lesers voorsien.

6. Die bediening van die Ou-Testamentiese profete was vir die geadresseerdes 'n saak van blydskap. Die besonderhede van Christus se lydings en heerlikhede is as blye tyding aan die lesers voorsien. Petrus lei die lesers tot 'n spesifieke perspektief:

- Hulle identiteit as Nuwe-Testamentiese gelowiges word deur hulle verlossing in Christus bepaal en nie deur die vernedering en lyding wat hulle deurmaak nie.
- Die bepalende faktor vir hulle optrede in tye van lyding is die verlossing wat God deur Jesus Christus – hy wat gely en verheerlik is – bewerk het.
- Gelowiges is te midde van lyding nie rigtingloos nie. Hulle volg as dissipels van Christus in sy voetspore.
- Al word die gelowiges aan lyding onderwerp is hulle nie weerloos nie. God waak met sy krag oor hulle en hulle is steeds onder die sorg en bewaking van die verheerlikte Christus.
- Gelowiges se lyding sal nie in lyding eindig nie. Omdat hulle verbind is aan Christus wat gely het en verheerlik is, sal hulle lyding ook op verheerliking uitloop.

Erkenning

Mededingende belange

Die outeur verklaar dat daar geen finansiële of persoonlike verbintenis is met enige party wat hom nadelig kon beïnvloed in die skryf van hierdie artikel nie.

Outeursbydrae

D.G.B. was die enigste outeur betrokke by die skryf van die artikel.

Etiese oorwegings

Hierdie artikel volg alle etiese standaarde vir navorsing.

Befondsing

Hierdie navorsing het geen spesifieke toekenning ontvang van enige befondsingsagentskap in die openbare, kommersiële of nie-winsgewende sektore.

Data beskikbaarheidsverklaring

Die deel van data is nie van toepassing op hierdie artikel nie, aangesien geen nuwe data in hierdie studie geskep of ontleed is nie.

Literatuurverwysings

- Achtemeier, P.J., 1996, *1 Peter. A Commentary on First Peter*, Augsburg Fortress, Minneapolis, MN. (Hermeneia – A Critical and Historical Commentary on the Bible).
- Aune, D.E., 1987, *The New Testament and its literary environment*, Westminster Press, Philadelphia, PA.
- Baucham, R., 1988, 'James, 1 and 2 Peter', in D.A. Carson & H.G.M. Williamson (eds.), *It is written: Scripture citing scripture: Essays in honour of Barnabas Lindars*, pp. 303–317, Cambridge University Press, Cambridge.
- Best, E., 1971, *1 Peter: New century Bible*, Marshall, Morgan & Scott Ltd., London.
- Breed, D.G., 1994, 'Die kenmotief in 2 Petrus: 'n Eksegetiese studie', ThD proefskrif, PU vir CHO, Potchefstroom.
- Breed, D.G., 2021, 'Eksegese van 2 Petrus 3:1–2 en die hermeneuse daarvan met spesifieke verwysing na standpunte van die sogenaamde Nuwe Ateïste', *In die Skriflig* 55(3), 1–10. <https://doi.org/10.4102/ids.v55i3.2720>
- Breed, D.G., Van Rensburg, F.J. & Jordaan, G.J.C., 2008, *Manlik en vroulik in die kerk: Geslagtigheid en die besondere dienste*, Potchefstroomse Teologiese Publikasies, Potchefstroom.
- Carson, D.A., 2007, '1 Peter', in G.K. Beale & D.A. Carson (eds.), *Commentary on the New Testament use of the Old Testament*, pp. 1015–1046, Baker Academic, Grand Rapids, MI.
- Christensen, S.M., 2015, 'Solidarity in suffering and glory: The unifying role of Psalm 34 in 1 Peter 3:10–12', *The Journal of the Evangelical Theological Society* 58(2), 335–352.
- Coetzee, J.C., 1988, 'Gedagtestruktuurontleding en die eksegese van die Heilige Skrifte', in J.C. Coetzee (red.), *Koninkryk, Gees en Woord*, pp. 19–37, NG Kerkboekhandel, Pretoria.
- Cotterell, P. & Turner, M., 1989, *Linguistics and Biblical interpretation*, InterVarsity Press, Downers Grove, IL.
- Davids, P.H., 1990, *The First Epistle of Peter*, Wm. B Eerdmans, Grand Rapids, MI. (The New International Commentary on the New Testament).
- Dubis, M., 2010, *1 Peter. A handbook on the Greek Text*, Baylor University Press, Waco, TX.
- Egan, P.T., 2016, *Ecclesiology and the scriptural narrative of 1 Peter*, James Clark & Co., Cambridge.
- Fee, D.G., 2009, *New Testament exegesis: A handbook for students and pastors*, Westminster John Knox Press, Louisville, TN.
- Feldmeier, R., 2008, *The First Letter of Peter. A Commentary on the Greek Text*, Baylor University Press, Waco, TX.
- Forbes, G.W., 2014, *1 Peter*, The Exegetical Guide to the Greek New Testament, B&H Publishing Group, Nashville, TN.
- Goppelt, L., 1993, *A Commentary on 1 Peter*, Wm. B Eerdmans, Grand Rapids, MI.
- Green, G.L., 2020, *Vox Petri: A theology of Peter*, Cascade Books, Eugene, OR.
- Green, J.B., 2006, 'Narrating the gospel in 1 and 2 Peter', *Interpretation: A Journal of Bible and Theology* 60(3), 262–277. <https://doi.org/10.1177/002096430606000303>
- Green, J.B., 2007, *1 Peter*, The Two Horizons, Wm. B Eerdmans, Grand Rapids, MI. (New Testament Commentary).
- Grudem, W.A., 1987, *The First Epistle of Peter: An introduction and Commentary*, Wm. B Eerdmans, Grand Rapids, MI. (The Tyndale New Testament Commentaries).
- Harrington, D.J., 2008, *1 Peter*, Liturgical Press, Collegeville, MN. (Sacra Pagina Series).
- Hiebert, D.E., 1982, 'The suffering and triumphant Christ: An exposition of 1 Peter 3:18–22', *Bibliotheca Sacra* 139(554), 146–158.
- Hockey, K.M., 2019, *The role of emotion in 1 Peter*, Cambridge University Press, Cambridge. (Society for New Testament Studies 173).
- Jobes, K.H., 2005, *1 Peter*, Baker Academic, Grand Rapids, MI. (Baker Exegetical Commentary on the New Testament).
- Jordaan, G.J.C., 2014, *Die binnewerk van Antieke Grieks: Die semantiek van grammatiese konstruksies: Handleiding vir eksegete en ander studente van Klassieke en Nuwe-Testamentiese Grieks*, Potchefstroom Teologiese Publikasies, Potchefstroom.
- Jordaan, G.J.C., Van Rensburg, F.J. & Breed, D.G., 2011, 'Hermeneutiese vertrekpunte vir gereformeerde eksegese', *In die Skriflig/In Luce Verbi* 45(2/3), 225–258. <https://doi.org/10.4102/ids.v45i2/3.14>
- Joseph, A.P., 2012, *A narratological reading of 1 Peter*, Library of New Testament Studies, T & T Clark, London.
- Kaiser, W.C. Jr., 2009, *Recovering the unity of the bible: One continuous story, plan, and purpose*, Zondervan, Grand Rapids, MI.

- Kelly, J.N.D., 1982, *A Commentary on the Epistles of Peter and of Jude*, J.W. Arrowsmith Ltd., Bristol. (Black's New Testament Commentaries).
- Kendall, D.W., 1986, 'The literary and theological function of 1 Peter 1:3–12', in C.H. Talbert (ed.), *Perspectives on First Peter*, pp. 103–120, Wipf & Stock Publishers, Eugene, OR.
- Kilpatrick, G.D., 1986, '1 Peter 1:11 ΤΙΝΑ ἢ ΠΟΙΟΝ ΚΑΙΡὸν', *Novum Testamentum* 28(1), 91–92. <https://doi.org/10.1163/156853686X00101>
- Kirkpatrick, W.D., 1982, 'The theology of First Peter', *Southwestern Journal of Theology* 25(fall), 58–81.
- Klauck, H. & Bailey, D.P., 2006, *Ancient letters and the New Testament: A guide to context and Exegesis*, Baylor University Press, Waco, TX.
- Louw, J.P. & Nida, E.A., 1988, *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*, vol. 1, New York, NY. (United Bible Societies).
- Michaels, J.R., 1988, *1 Peter*, Word Books Publisher, Dallas, TX. (Word Biblical Commentary).
- Michaels, J.R., 2004, 'St. Peter's Passion: The passion narrative in 1 Peter', *Word & World* 24(4), 387–394.
- Moyise, S., 2008, *Evoking Scripture. Seeing the Old Testament in the New*, T&T Clark, New York, NY.
- Phillips, G.Y., 2013, 'The use of the Psalms in 1 Peter: An exegetical and hermeneutical study', PhD thesis, North-West University, Potchefstroom.
- Phillips, G.Y., Janse van Rensburg, F. & Van Rooy, H.F., 2012, 'Developing an integrated approach to interpret New Testament use of the Old Testament', *In die Skriflig/In Luce Verbi* 46(2), 1–10. <https://doi.org/10.4102/ids.v46i2.50>
- Richard, E., 2000, *Reading 1 Peter, Jude, and 2 Peter: A Literary and Theological Commentary*, Smyth & Helwys Publishing, Macon, GA.
- Schreiner, T.R., 2003, *1, 2 Peter, Jude*, B&H Publishing Group, Nashville, TN. (The New American Commentary).
- Schutter, W.L., 1989, *Hermeneutic and Composition in I Peter*, J.C.B. Mohr, Tübingen. (Wissenschaftliche Untersuchungen zum Neuen Testament, 2 Reihe).
- Selwyn, E.G., 1987, *The First Epistle of St. Peter. The Greek Text with introduction, notes, and essays*, Baker Book House, Grand Rapids, MI.
- Thurén, L., 1995, 'Argument and theology in 1 Peter: The origins of Christian Paraenesis', *Journal for the Study of the New Testament*, suppl. ser. 114.
- Tolar, W.B., 2002, 'The grammatical-historical method', in B. Corley, S. Lemke & G.I. Lovejoy (eds.), *Biblical Hermeneutics: A comprehensive introduction to interpreting scripture*, pp. 21–38, Broadman & Holman Publishers, Nashville, TN.
- Van Houwelingen, P.H.R., 1991, *I Petrus. Rondzendbrief uit Babylon*, J.H. Kok, Kampen. (Commentaar op het Nieuwe Testament).
- Wall, R.W., 2004, 'Teaching 1 Peter as Scripture', *Word & World* 24(4), 268–377.
- Warden, D., 1989, 'The Prophets of 1 Peter 1:10–1', *Restoration Quarterly* 31(1), 1–12.
- Watson, D.F., 2014, 'The Epistolary Rhetoric of 1 Peter, 2 Peter, and Jude', in E.F. Mason & T.W. Martin (eds.), *Reading 1–2 Peter and Jude*, pp. 1–228, Society of Biblical Literature, Atlanta, GA.
- Williams, M., 2011, *The Doctrine of Salvation in the First Letter of Peter*, Cambridge University Press, New York, NY. (Society For New Testament Studies).
- Williams, T.B., 2012, *Persecution in 1 Peter. Differentiating and contextualizing Early Christian*, Suffering Supplements to Novum Testamentum, Brill, Leiden.
- Witherington, B., 2008, *Letters and homilies for Hellenized Christians: A socio-rhetorical Commentary on 1–2 Peter*, Apollos, Nottingham.